MIKRO

WERK EN SKEP

# Koringboerdery

## Graad 4: Geografie






Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Koringboerdery


Koring is ‘n **stapelvoedsel** wat geprosesseer word om ontbytkos en meel te maak. Meel is een van die bestanddele wat gebruik word om brood en koekies te maak.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Koringstreke

Die bekendste koringstreke is die **Swartland** by Riebeeck-Kasteel, Piketberg en Malmesbury en die **Rûens** by Botrivier en Riviersonderend.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Koringboerdery

Na die reën, **ploeg** die boer die land.








ol Mikro Kopiereg ©

# Koringboerdery

Spesiale masjiene **plant** die koringsaad gedurende herfstyd.







Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Koringboerdery

LAERSKOOL MIKRO

Twee weke later begin jong koringplantjies uit die **saad groei**. Plaaswerkers skoffel die landerye en versorg die plante.







Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Koringsiektes en -plae

**Koringsiektes** soos roes, vaalblaar en vrotpootjie word voorkom deur die lande tydens lente met **gif** en **insekdoder** te spuit.









# Koringboerdery

Tydens die somer word die koringplant groter en begin blom. Die blommetjies word goudgeel sade wat ons **koringkorrels** noem.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Koringboerdery

LAERSKOOL MIKRO

Aan die <u>einde van die somer</u> word die koringkorrels deur ‘n spesiale masjien, wat ‘n stroper genoem word, gesny of **geoes**.











# Koringboerdery

Die koring word **gedors** sodat strooi geskei word van die koringkorrels wat bo aan die stingels sit.






Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Koringboerdery

Die koring wat geoes is, word na ‘n fabriek of meul geneem waar dit tot meel **gemaal** word. Die koring kan ook in groot silo’s **gestoor** word.








# Koringboerdery

Die meel gaan na ‘n bakkery waar dit met sout, water en suurdeeg **gemeng** word om deeg te vorm. Dan word dit in ‘n vorm gegooi en **gebak**.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Koringboerdery

Die deeg word in groot oonde **gebak** om brood te maak.











Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

MIKRO

WERK EN SKEP

# Koringboerdery

Die vars brood word **verpak** en met vragmotors na die winkels toe geneem.






Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Koringboerdery

Die brood word by die **winkel afgelewer** waar dit op die rak gepak en verkoop word.















Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Koringboerdery

Die brood word huis toe geneem en in snye **gesny**. Soms word dit by die fabriek gesny en in sakkies gesit.






Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Koringboerdery

Dan word daar iets lekkers op een sny brood gesit om dit smaaklik te maak. Nog ‘n sny brood bo-op maak ‘n toebroodjie.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Nog koringprodukte

Daar is nog baie ander **produkte** wat van koring gemaak word, soos pap, meel, koekies, pasta en nog vele meer.






LAERSKOOL MIKRO

# Kom ons hersien

| oes | ploeg | plant | broodjie | meel | bak | verkoop |
|---|---|---|---|---|---|---|

Boere ___________ die landerye. Daarna ___________ hulle die saad. Wanneer die koring ryp is, ___________ hulle dit. Die fabriek maal die koring om ___________ te maak. Meng die meel om deeg te maak. ___________ die deeg in ‘n oond. Winkels ___________ dan die brode. Laastens maak jy jou ___________.



Laerskool Mikro Kopiereg ©